# WELKOM!

NG MOEDERGEMEENTE
MOSSELBAAI



**ONS ROEPING**
God stuur ons om, soos Jesus, familie en vriend vir almal te wees.

**BELYDENIS**
God is die kern van ons aanbidding waar almal welkom is!

**Nagmaal**

Ons is 'n *familie* vol *liefde*

## FAMILIENUUS — SONDAG 8 Februarie 2026

| 08:00 & 10:00 | 18:00 |
|---|---|
| **Prediker:** Pierrié Kies | **Prediker:** Dean Bentley |
| **Skrif:** 1 Kor. 2:1-12 | **Skrif:** Genesis 37; 39-45 |
| **Tema:** Die Kruis is my maatband. | **Tema:** God gebruik omstandighede |

### KATEGESE

**3jr - Gr R: 10:00 Kleuterkerk** (kleuters sit by ouers tot en met Kindertyd en beweeg daarna uit na hul klassie, lokaal 7)

**Gr 1 – 3: 08:50 in Borrelklub**

**Gr 4 – 6: 09:00 in Klipkerk**

**Gr 7 – 11: 18:00 tydens Kuierkerk in kerkgebou** en daarna in graadgroepe.

Die Sinodale deurkollekte gaan vandag vir **Studentebearbeiding:** Studentebearbeiding fokus op die ondersteuning van die bediening aan studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die post-matriek fees. Navorsing word ook gedoen oor die veranderende aard van die bediening aan studente en jong volwassenes. Die "Kerk van die Toekoms" netwerk help gemeentes om vars ruimtes te skep waar jong volwassenes hulle geloof kan beoefen

### PREDIKANTE

| **Henri Meyer** | **Pierrié Kies** | **Dean Bentley** |
|---|---|---|
| 083 455 6940 | 076 110 4202 | 084 782 4595 |
| henri@ngmosselbaai.co.za | pierrie@ngmosselbaai.co.za | dean@ngmosselbaai.co.za |

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk by die Gemeentehuis.
**NUWE LIDMATE: Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Meld asseblief aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se voorportaal.

www.ngmosselbaai.co.za ngmosselbaai "Like" ons om lid te word en op hoogte te bly

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>9 Februarie | | |
| **DINSDAG**<br>10 Februarie | 09:00 Samaritaan kospakkiedag<br>10:00 Bybelstudie vir Vroue | 11:00 Seewind<br>13:00 Bloedbank |
| **WOENSDAG**<br>11 Februarie | 11:00 Bybelstudie vir Seniors | 17:00 Bybelstudie (Danabaai)<br>18:00 Jong volwassenes |
| **DONDERDAG**<br>12 Februarie | 12:00 Opskopperete | 18:00 Mannegroep |
| **VRYDAG**<br>13 Februarie | 06:00 Wild@Heart Mannegroep | |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens.
Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## GEBEDSBROKKIES

Hy sal My aanroep,
en Ek sal hom antwoord.
Ek sal by hom wees in nood;
Ek sal hom red ...
Psalms 91:15

As Christene soveel tyd in gebed deurgebring het as wat hulle aan kla en foutvind bestee, sou hulle niks gehad het om oor te kla nie.
ANONIEM

## GEBEDSWAG UITNODIGING

Om deel te word van die gemeente se **Gebedswag Whatsapp-groep** stuur asb u naam en selfoonnommer vir Alta van Zyl, (083 257-3884).

## HOOGTEPUNTE 1STE KWARTAAL

- 12 Feb: Opskopperete (12:00)
- 15 Feb: Jeug-Inreik te ouetehuise
- 18 Feb: Aswoensdag meditatiewe diens (18:00)
- 22 – 25 Feb: Getuienisweek met Ina Steyn
- 6 Maart: Wêreldbiddag vir Vroue (08:00)
- 6 Maart: Borrelklub Tentjie-aand (17:00)
- 7 Mrt: Kruisvroue: Pitkos met my vriendin (10:00)
- 15 Maart: Gemeentebraai
- 28-30 Mrt: #Imagine

## BAIE WELKOM NUWE LIDMATE

Die volgende lidmate se Bewys van Lidmaatskap is na ons gemeente oorgeplaas:

- Lize-Mare Veldsman (nou De Bruyn), vanaf NG Pretoria – Oosterlig.

## LIDMAATREGISTER

Skakel gerus met die Kerkkantoor indien u Bewys van lidmaatskap nog nie oorgeplaas is vanaf u vorige gemeente of indien u inligting of kontakbesonderhede verander het.

## LERAARS MET VERLOF

Henri: Maandag (9) tot Woensdag (11)
Pierrié: Woensdag (11) en Donderdag (12)

## GEMEENTEBRAAI

Ons gemeentebraai vind plaas op Sondag 15 Maart 2026.

Nooi vriende en familie en kom kuier saam op die grasperk terwyl die vleis vir jou gebraai word! Bring net eie bykosse en eetgerei.

Kaartjies kos R80 per persoon wat 'n skaaptjop, hoendersosatie en 'n stuk wors insluit. Vir die kinders is daar boereworsrolle teen R30.

Kaartjies is by die kerkkantoor te koop beskikbaar.

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

2026 se tema is **'Kom, Ek sal jou rus gee'**. Die program is saamgestel deur vroue van Nigerië.

**Wêreldbiddag vir Vroue** word vanjaar op **6 Maart 2026** gehou. Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree.

Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. In Suid-Afrika is dit die **96ste jaar** wat ons deel is hiervan. Die program word in nege van die amptelike tale vertaal.

Dit bly 'n besondere voorreg om te weet dat vroue regoor die wêreld, in verskillende lande op hierdie dag in gebed rondom 'n gemeenskaplike tema verenig word. Vanjaar se tema bring troos in 'n tyd waarin mense wêreldwyd onder swaar laste gebuk gaan.

## LYDENSTYD: 18 FEBRUARIE TOT 5 APRIL

Aswoensdag is tradisioneel die aanvang van Lydenstyd in die kerkjaar. Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag, die dag voor Jesus se opstanding. (Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, is dit 'n tydperk van 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het. Sondae was nog altyd vieringsdae vir die kerk en daarom nie deel van die vastyd van Lydenstyd nie.) Gedurende Lydenstyd word ons voorberei om Paasfees te vier deur te fokus op Jesus se lyding en my aandeel daaraan – dis immers vir my sonde dat Hy gesterf het! Aswoensdag – wanneer ons spesifiek fokus op ons eie sterflikheid – en Lydenstyd wat daarop volg, is tradisioneel 'n tyd van geestelike vernuwing vir beide gelowiges en gemeentes.

## #IMAGINE - 28-30 MAART 2026

Gemeentes dwarsoor die Wes- en Suid-Kaap bring groepe tieners, met hulle leiers, na die #Imagine-fees, te Bredasdorp.

Tieners van diverse agtergronde, tale en denominasies word almal verwelkom.

Almal kamp in tente – seuns en meisies in aparte areas, maar saam met hulle gemeenteleiers. Etes word voorsien.

'n Naweek van groei en viering wat tieners se geloof in Jesus, asook hulle roeping om 'n verskil te maak, wil versterk. Sessies met lof en aanbidding, sprekers, gebedstasies en groeptyd asook werkswinkels en hope pret!

Kontak asb vir ds. Dean vir navrae.

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Rudolph van Zyl**, hart (Alta 083 257 3884); **Salomé Annandale,** hospitaal, (082 774 1250); **Marietjie Albrecht**, herstel na beroerte (Greg 083 250 1112); **Lenie Jones**, (Ansie 083 667 7954); **Jan Steyn**, kanker (Lynette 083 627 1294); **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Phillip-Neil Albertyn**, kanker (083 321 6534); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Hans Szewzyk**, kanker (Marie 082 202 2352); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

✞**Fanie Janse van Vuuren,** sy gedenkdiens was Vrydag 5 Februarie in ons gemeente (Susan 082 425 3250)

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**VOORSITTER:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**ROEPING:** Ben Joubert 082 921 0348
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**EREDIENS:**
**FINANSIES:** Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
**FAMILIE:** Jacques le Clus, 073 172 8424
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608

- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672

- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Petro Proudfoot, 082 775 3473
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
**Finansiële beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619
**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818
**Pastorale terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127
**Pastorale werker (Ouetehuise):**
Henk Brits: 082 855 7136